VERKLARING EN VRYWARING DEUR 'N OUER / WETTIGE VOOG VAN 'N JEUGLID WAT NIE 'N LID VAN DIE VOORTREKKERS IS NIE

L8 – 2018

Hiermee verklaar ek _____

(volle naam en van)

ID nommer _____

1.1 Dat ek my vergewis het van die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers soos uiteengesit in hierdie lidmaatskapbrosjure en verleen toestemming dat my kind daaraan blootgestel mag word en onderneem om hom/haar daarin te ondersteun.

1.2 Dat ek hiermee bystand verleen aan my kind ten einde aansoek te doen om lidmaatskap van Die Voortrekkers.

1.3 Dat ek aanvaar dat die beginsels wat in die lidmaatskapbrosjure vervat is as basis sal dien by oorweging van my kind se aansoek en voortsetting van lidmaatskap.

1.4 Dat ek van mening is dat my kind voldoen aan die vereistes van Die Voortrekkers soos uiteengesit in die lidmaatskapbrosjure.

1.5 Dat ek kennis neem dat my kind hom/haar aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaard prosedures van Die Voortrekkers onderwerp by aanvaarding van sy/haar lidmaatskap en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree. Ek aanvaar dat my kind se deelname aan Voortrekkeraktiwiteite tydelik opgeskort kan word, indien sy/haar optrede na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam, ernstig in stryd is met die grondwet, reglemente en standaard prosedures van Die Voortrekkers.

1.6 Dat ek onderneem om toe te sien dat my kind se ledegeld jaarliks voor die sperdatum betaal word by gebrek waarvan sy/haar lidmaatskap kan verval.

1.7 Dat ek hiermee Die Voortrekkers, al sy openbare amptenare, al sy verteenwoordigers en lede vrywaar teen aanspreeklikheid van enige eis om skade, uitgesonderd skade veroorsaak deur hulle growwe nalatigheid, hetsy gebaseer op geldelike verlies, uitgawes aangegaan in verband met sodanige skade, eise vir pyn en lyding, eise vir verlies aan toekomstige inkomste of watter ander aanspreeklikheid ookal, wat mag voortspruit uit een of meer van die volgende:

a) dood of besering aan die persoon van bogenoemde kind;

b) verlies van eiendom van bogenoemde kind terwyl gemelde kind betrokke is by enige aktiwiteit en/of reis op pad na of van enige perseel waar sodanige aktiwiteit aangebied word waarby Die Voortrekkers of enige van sy verteenwoordigers dit op enige vlak georganiseer het of by betrokke is.

1.8 Dat ek hiermee die gemagtigde verteenwoordiger(s) van *Die Voortrekkers* wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word, magtig en aanstel om namens en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem indien ek, om welke rede ookal, nie beskikbaar is nie:

a) chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van die bogemelde kind;

b) die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde kind insluitend nood mediese afvoer.

1.9 Dat ek waarborg en bevestig dat ek self gemagtig is en die reg het om tot sodanige optrede in te stem en bekragtig enige optrede hierkragtens gedoen.

1.10 Dat ek onderneem om enige (van die bogemelde) koste ten opsigte van bogemelde op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om Die Voortrekkers en/of enige van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en vrywaar teen van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word.

1.11 Dat ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word en onderneem om alle koste in die verband op aanvraag te betaal.

1.12 Dat die inligting wat ek op aansoek vorm verskaf het korrek is.

1.13 Dat ek die woonadres vermeld in die "Aansoek om Lidmaatskap" kies vir doeleindes van enige kennisgewing aan my, voortspruitend uit enige aksie gedek deur hierdie dokument.

1.14 Dat ek die inhoud van hierdie onderneming en lidmaatskapbrosjure met die voornemende jeuglid bespreek het.

_____ 20 / /

Geteken (Ouer)

_____ _____ 20 / /

Naam en Van (Ouer) Naam en Van (Jeuglid)